# Preekstudie: Psalm 113

Druk afdeling

## *Teks*

***Vers 1***: Hierdie vers dien as ʼn oproep om God te aanbid (Hebreeus: *hal·lū yāh*). Die Hebreeuse woord *hal·lū* (aanbid) word drie keer herhaal as ʼn beklemtoning en ʼn uitnodiging tot aanbidding. In hierdie psalm is dit die "diensknegte van die Heer" (Hebreeus: *aḇ·ḏê Yah·weh*) wat die oproep ontvang tot lofprysing. Die Verbondsnaam van God (Hebreeus: *Yah·weh*) word in hierdie psalm gebruik en word tesame met die verkorte vorm as deel van halleluja ook drie keer herhaal. Dit herinner die leser dat diegene wat geroep word om te aanbid, deel in die Here se verbond.

***Vers 2-3***: Die Hebreeuse woord *bā·răḵ* word hier gebruik om verder aan te dui dat die Here se Naam geprys moet word. Die stam van die woord is *baruch* wat beteken "om te seën". Hier kies sommige vertalings om die sin te vertaal met: "Geseënd is die Naam van die Here." ʼn Meer direkte vertaling vir *bā·răḵ* behels ook "om te kniel". ʼn Mens sou dus ook kon argumenteer vir ʼn vertaling wat sê: "Kniel voor die Naam van die Here." Die konteks ondersteun wel die gebruik van seën of lofprysing. ʼn Belangrike nota is ook die duur van die lofprysing: God is waardig om geprys te word van nou af (Hebreeus: *ʿăt·tā(h)*) tot in ewigheid (Hebreeus: *mê·ʻat·tāh, wə·ʻaḏ-ʿô·lām*). Hierdie motief word voortgesit in vers 2 met die oproep dat God oor die hele wêreld aanbid moet word, van waar die son opkom (letterlik in die ooste – Hebreeus: *miz·rāḥ*) tot waar dit ondergaan aan die uithoeke van die wêreld (Hebreeus: *mə·ḇō·w·'ōw*).

***Vers 4-6***: In hierdie gedeelte word die kontras van God se soewereiniteit en grootheid teenoor die nietigheid van die mensdom uitgebeeld. Die Here is so magtig, Hy regeer oor alle nasies en mense/volke (Hebreeus: *goyim*). Die beeld van God wat hoog woon (selfs bo die hemele!) en afkyk na die hemel en die aarde, bring die kontras tussen ons bestaan en God se heerlikheid in fokus. God is alomteenwoordig; daar is nêrens waar ʼn mens kan gaan waar God nie is nie. Dit laat ʼn mens ook nadink oor die grootheid van God se liefde en

omgee; dat God se grootheid steeds betrokke is by die skepping. Die Hebreeuse woord *šā·pēl* word hier gebruik om iemand aan te dui wat hulleself verneder of nederig maak.

***Vers 7-9***: Hierdie verse beklemtoon dat God nie net waardig is om geprys te word omdat God alomteenwoordig is nie, maar ook vir wat God doen. Jahwe is nie soos ander gode wat hoog verhewe is en nie veel omgee oor mense se doen en late nie. God word self “verneder” (sien v 6) deur aktief betrokke te wees by die mees kwesbares in die samelewing. Jahwe help mense om op te staan uit die stof en rig armes op vanuit die ashoop (letterlik vertaal as “’n hoop gemors” – Hebreeus: *ʾăš·pōṯ*). Nie net help God hulle uit die ashoop nie, maar gee hulle ’n ereplek en status. Hulle sit om die tafel saam met die vooraanstaandes, die heersers (sommige vertaal dit met prinse; vgl ook Ps 146:3) van die nasies (Hebreeus: *nā·ḏîḇ ʿăm*). Hierdie is ’n baie konkrete beeld. Dit word hier tot groot effek gebruik om uit te beeld dat God groter is as die sosiale strukture en klasse van ons samelewings. Die Here het mag daaroor en verskuif die bestaande grense tussen mense.

Vers 9 herinner ons aan die sosio-ekonomiese konteks van destyds, waar vroue se waarde bepaal is deur hulle vermoë om kinders te hê en om die huisgesin te versorg. Terwyl vroue wat destyds nie kon kinders kry nie verstoot is, nooi God hulle in en gee Hy vir hulle ’n tuiste waar hulle ’n moeder vir kinders kan wees.

## *Konteks*

Van die temas in Psalm 113 kan ons help om verder na te dink oor die rol wat riviere in ons gemeenskap speel. Die bron van ellende word hier anders verstaan as byvoorbeeld in Psalm 51. Die bron van die kwaad word nie verstaan vanuit die aanspreeklikheid van die magtige koning (Dawid) nie. Dit is ook nie asof die ellendiges op die ashoop die bron van alle ellende (en die toestand van die riviere) is nie. Daardie ellende word eerder as ’n spieël gebruik om te verstaan wat fout gegaan het in die samelewing as geheel.

Daar is veral drie elemente wat kan help vorm gee aan die gesprek:

- God se herstel en opbou van mense wat aan die rand van die

samelewing staan, veral dié wat arm is en omring word deur rommel.
- Die oproep om die Here oor grense heen te loof en almal daarby te betrek.
- God se soewereiniteit en sorg vir die skepping.

Soos reeds aangedui, nooi hierdie jaar se Seisoen van die Skepping die gemeente elke week uit om verder te besin oor die stand van die dorp se riviere met behulp van 'n ekologie-werkgroep. Hierdie week is die fokus op die mense wat langs die rivier bly. 'n Rivier is nie staties nie; dit beweeg van die een punt na 'n ander. Dink aan al die gemeenskappe, huise en buurte waarby die water verby vloei. Die opdrag aan die werkgroep is egter meer as net 'n opname. Dit is eerder 'n uitdaging om te skakel met verskillende gemeentes wat stroomop of stroomaf bly. Reël 'n byeenkoms om saam te besin oor die rivier se toestand, maar ook die spesifieke uitdagings wat elke gemeenskap in die gesig staar, en hoe dit van mekaar verskil. Die volgende vrae kan dalk help om 'n gesprek te fasiliteer:

- Hoe verskil die rivieroewer op verskillende plekke in die dorp? Is dit skoner op een plek as op 'n ander?
- Hoe lyk die rivier nader aan sy bron in die hoërliggende gebiede? Is die water skoon en vars? Is daar rommel en besoedeling?
- Wat kan 'n mens waarneem langs die banke van die rivier op verskillende plekke in die dorp? Is daar woongebiede wat teen die rivier geleë is? Hoe lyk die infrastruktuur? Is daar bruggies en wandelpaadjies?
- Is daar 'n verskil in besoedeling stroomop of stroomaf? Watter impak het die aksies van diegene wat stroomop leef op die mense wat stroomaf bly?
- Wie is almal afhanklik van die rivier vir oorlewing, en hoe beïnvloed hulle posisie langs die rivier se loop die waarde wat hulle daaruit kan put?

Ongelukkig is die toestand van riviere soms slegter in omgewings met 'n laer sosio-ekonomiese status. Dit is dikwels diegene wat die meeste afhanklik is van die lewegewende voeding van die rivier wat die minste daarvan geniet. Dit is merkwaardig dat deur iets so eenvoudig soos 'n rivier wat sy natuurlike pad vloei, soveel verskillende gemeenskappe

verbind word. Dit dien ook as 'n simbool van interkonnektiwiteit en interafhanklikheid in God se skepping. Soos die rivier wat vloei met talle vertakkings is ons almal verbind aan mekaar en afhanklik van God se genade en voorsienigheid. In 'n tyd waar die wêreld soms behep is met mure bou en selfonderhoud, bied hierdie beeld 'n geleentheid om verder te dink oor die gemeenskaplike dinge wat ons met mekaar verbind. Ons almal is deel van God se skepping en word geroep om lof te bring deur ons woorde, maar ook ons dade.

- Op watter maniere verbind die rivier verskillende gemeenskappe in julle dorp?
- Op watter maniere verdeel die rivier verskillende gemeenskappe in julle dorp?

'n Skoon rivier bring lewe en versorging vir 'n gemeenskap. Gesonde riviere en vleilande speel 'n kritieke rol in die funksionering van plaaslike ekosisteme. Dit is die broeiplek vir talle organismes wat die delikate balans van die skepping onderhou. God het met groot sorg elke detail van die skepping ontwerp; selfs die kleinste organisme het 'n rol om te speel. Die gesondheid van ons riviere speel nie net 'n kritiese rol in ons gemeenskappe nie, maar dit is ook 'n aanduiding van hoe ons as mensdom hierdie balans ontwrig. Die feit dat God riviere met soveel sorg geskep het as deel van die aardse skepping is 'n belangrike uitnodiging aan ons om aandag te gee aan die gesondheid van ons plaaslike riviere. Is die gesondheid van jou dorp se rivier(e) iets wat ooit vir mense belangrik is? Word daaroor gepraat? Word daar iets gedoen om die skoonheid en gesondheid van die rivier te bevorder? Sien mense die belang daarvan om die rivier skoon te hou sodat almal daarby kan baat? Is die rivier net iets om te verbruik, eerder as 'n meganisme wat deel vorm van die delikate balans in God se skepping?

As deel van hierdie week se nadenke daag ons gemeentes uit om bewus te word van die menslike verhale wat afspeel langs die loop van die rivier. Vertel die rivier ook 'n storie van mense wat omring word deur vullis en verwerp word? Probeer 'n beter prentjie skets van hoe die rivier op verskillende plekke in die dorp lyk, en watter faktore op enige gegewe plek daartoe bydra. Wat is van die gemeenskaplike behoeftes wat almal deel wanneer dit kom by die rivier? Het almal gelyke toegang daartoe?

# *Preekvoorstel*

Begin die preek met 'n verduideliking van die psalm as 'n hallelujapsalm wat mense uitnooi om God te loof. 'n Mens sou dan verder kon verduidelik hoe verskeie kontrasterende beelde en die transformerende krag van God in hierdie hoofstuk aansluit by die tema van die Seisoen van die Skepping, naamlik: "Riviere van lewe? Die psalms oor die bron van alle ellende." Deur na te dink oor die rivier in ons plaaslike konteks sien ons hoe riviere wat veronderstel is om bronne van lewe te wees eintlik iets weerspieël van die skepping se ellende onder die hande van mense. Dit is dus nie net mense wat omring word deur vullis en onderdruk word en verstote is nie. Die skepping self ly onder die mens.

Dit is belangrik om deurgaans in die preek gebruik te maak van beelde wat die kontraste in die psalm uitbeeld. Die integrasie van getuienisse en verhale wat sowel stories van ellende en hoop langs die rivier beskryf, kan 'n kragtige manier wees om gesig te gee aan diegene wat langs die rivieroewers lewe. Met konkrete beelde kan mense gehelp word om oor grense heen kontakte te vorm. Dit is belangrik om ook hoop te vind in stories en getuienisse. Dit is soms moeilik vir mense om hoop te vind wanneer daar gepraat word oor ongelykheid en hoe dit in ons gemeenskappe manifesteer. Dus is dit belangrik dat ons mense toerus met 'n verbeelding wat op tasbare en praktiese maniere die uitdagings sien as geleenthede om God se hart met mense te deel en sigbaar te maak in ons gemeenskappe.

As deel van die psalm se uitnodiging tot lof vind ons die beeld van die son wat opkom en weer sak. Die verwysing laat ons nadink oor die aarde se ritmes en hoe dit oor tyd op 'n volhoubare manier aanhou sonder ingryping van mense. Inteendeel, God is die Een wat die wêreld onderhou en die meganismes asook die ritmes geskep het waardeur die skepping funksioneer. Deel van die oproep tot lof is om God raak te sien in die werking van die skepping, asook God se voorsienigheid binne hierdie raamwerk. Ons mense is diep afhanklik van hierdie ritmes vir oorlewing. Die impak van menslike gedrag word al meer sigbaar in die ontwrigting van hierdie ritmes. Riviere is komplekse meganismes wat lewe voorsien aan talle gemeenskappe. Waar ander psalms, soos Psalm 19, 96, 98 en 148, die hele skepping uitnooi om God te loof en prys, sou ons krities kon nadink oor hoe die mensdom die hele skepping daarvan

weerhou om God se heerlikheid te weerspieël. Die stand van riviere in ons plaaslike gemeenskappe vertel die storie van menslike aksies op 'n baie persoonlike en akute manier. Deur van die vorige week se bevindinge en lesse as voorbeelde te gebruik, kan daar in die diens stilgestaan word by hoe die menslike impak op 'n persoonlike manier gevoel kan word – binne die konteks van menslike lewens, maar ook die agteruitgang van die natuur.

Die nadenke oor die impak van ons menslike aksies lei organies na 'n belangrike gesprek oor rentmeesterskap. Psalm 113 weerspieël God se hart vir sy skepping. Die beeld van God wat hoog verhewe is bo skepsels, maar tog kies om neer te daal en die lewe van die kwesbaarstes te transformeer, skep geleentheid vir gelowiges om ook na te dink oor ons eie roeping. Word ons as dienaars van God nie ook geroep om te deel in die transformerende werk wat God in mense se lewe doen nie? Is God se skepping nie ook magteloos waar dit misbruik word deur mense nie? God roep ons om met deernis op te staan vir die skepping wat nie 'n stem het om te praat of vir haarself op te kan staan nie. Ag ons wel die natuur as deel van God se verlossingsplan?

Hierdie is belangrike vrae wat konfronterend kan wees in ons besinning oor die stand van riviere in ons gemeenskap en die welstand van gemeenskappe wat langs dit bly. Die verwaarlosing van riviere het 'n verwoestende effek op diegene wat stroomaf bly. Ons behoort erns te maak met wat God se transformerende krag binne hierdie konteks beteken, en hoe ons as gelowiges by God kan aansluit om sy koninkryk in die natuur sigbaar te maak. Net soos wat God se sorg mense transformeer en ophelp, kan skoon en gesonde riviere lewe, genesing en waardigheid bring. 'n Skoon rivier kan vernuwing bring aan ekosisteme en gemeenskappe. Iets wat voorheen gevaarlik en 'n seer oog was vir 'n gemeenskap, kan 'n simbool van hoop en rentmeesterskap word, tot voordeel van die hele omgewing.

Op hierdie punt kan 'n mens iets sê oor die kragtige rol wat hoop speel in ons geloof. Die besef van wie God is en van sy hart, bring hoop van vernuwing ondanks onmoontlike situasies. Vir baie voel die omgewingskrisis en die stand van ons plaaslike gemeenskappe soos 'n onoorkombare berg. Psalm 113 wys ons egter dat die Here neerdaal en ingryp in die onmoontlikste situasies. God herstel dié wat neergedruk is en bring 'n nuwe orde voort. As gelowiges kan ons groot impak hê as

ons hierdie waarheid uitleef in ons gemeenskappe. Ons word geroep om te verenig as medemense om God te loof en te prys. Gemeenskappe kry nuwe hoop wanneer hulle saam droom van 'n ander wêreld waar die waardigheid van mense en medeskepsels herstel en vernuwe word.

## *Bibliografie*

https://mountainfalls.co.za/blogs/content-1/the-ripple-effect-exploring-how-water-pollution-impacts-human-health-i#:~:text=Disparities in Access to Clean Water and Sanitation&text=Water pollution exacerbates these disparities,facilities poses severe health risks; **https://web.uri.edu/steep/new-data-show-severity-of-water-contamination-in-poor-neighborhoods/ (https://web.uri.edu/steep/new-data-show-severity-of-water-contamination-in-poor-neighborhoods/)** ; S de Gruchy, 2007. An olive agenda: First thoughts on a metaphorical theology of development. *Ecumenical Review*, 59(2–3): 333–345; S de Gruchy, 2015, in B Haddad (ed). *Keeping body and soul together: Reflections by Steve de Gruchy on theology and development*. Pietermaritzburg: Cluster.